

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 31 Julie 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 150:1, 2, 3	Bl.719	Psalm 100:1 – 4	Bl.494
2.	Psalm 89:6	Bl.445	Psalm 73:10 & 11	Bl.369
3.	Psalm 4:3	Bl.15	Skrifberyming 14-2:1	
4.	Skrifberyming 9-4:1, 4, 6			

**VERSLAG VAN DIE DIAKENS**


Diak. Cobus Booysen het aan die kerkraad verslag gedoen van die diakens se werksaamhede. Die afgelope kwartaal is daar finansiële hulp aan 4 gesinne verleen. Sewe gesinne het kospakkies ontvang. Die diakens sê dankie vir ruim skenkings uit die gemeente. Daar is ook 'n winterwarmte-projek geloods waarvoor 28 mandjies aangekoop is wat deur gemeentede met kruideniers gevul is. Sestien mandjies is aan lidmate in ons gemeente uitgedeel en 12 in die Stilfonteingemeente. Die saak van hospitaalbesoek is ook deur die diakens hanteer. Die diakens sal lidmate wat in hulle wyke is in die hospitaal besoek in samewerking met die predikant en ander vrywillige hospitaalbesoekers in die gemeente.

DRINGENDE BEROEP DIAKENS

Die diakonie doen 'n dringende beroep op lidmate om asseblief kennis te neem van 'n gesin in ons gemeente met besondere unieke en langtermyn mediese omstandighede waarvan die finansiële omvang van so 'n aard is dat dit nie deur die lidmate self gedra kan word nie en wat ook nie op die langduur deur die diakonie gedra sal kan word nie. Indien dit vir enigiemand moontlik is om 'n donasie/bydrae/skenking te maak vir hierdie doel, kontak asseblief Kobus Booysen (die diakonievoorsitter, 082 446 1211 | jbooysen@anglogoldashanti.com). Dit sal hoog op prys gestel word en absoluut vertroulik hanteer word.

DVD – OPNAME EREDIENSTE

Die diakens vra vriendelik dat enigiemand wat graag 'n DVD opname van enige preek wil hê, asseblief hul eie skoon DVD sal saambring sodat die preek direk na die diens daarop geskryf kan word en jy dit dan sommer klaar kan saamneem huis toe.

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrieff van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 31 Julie 2011

Nommer 19

KERK VAN DIE BRANDENDE LAMPIES

Iewers in Frankryk staan 'n klein kerkgeboutjie waarna die dorpsbewoners elke Sondag kom. Elkeen 'n ouderwetse olielampie in die hand. Die gebruik het in 1550 in die gemeente ontstaan. Die olielampies is die eiendom van die kerk. Elkeen wat in hierdie gemeente belydenis van geloof doen kry so 'n lampie om te gebruik tot met die lidmaat se afsterf. Vir bykans 450 jaar gaan die olielampies van die een lidmaat tot die ander. As hulle die eredienste bywoon word die brandende lampies op die breë rugleuning van die banke neergesit. Die gemeentede kom getrou na die eredienste toe omdat hulle weet, dat dit al hoe donkerder word in die kerkgebou hoe meer lidmate nie die eredienste bywoon nie. Elkeen wat tuisbly is die oorsaak dat daar 'n lampie minder is wat skyn met die gevolg dat die kerkgebou binne donkerder is. Elkeen wat in God glo ontvang van Hom 'n lampie. Christus sê mos van die Christene “*julle is die lig vir die wêreld*” (Matt 5:14). Dit is elke gelowige se roeping om die lig van sy godgegewe lampie te laat skyn in die donker wêreld van sonde en ongeregtheid. Dit is jou roeping om hierdie lampie wat jy van God ontvang het brandende te hou. Jy moet dit voortdurend in jou hand dra sodat die lig rondom jou kan skyn. Hoe meer gelowiges op aarde hulle “liggies van God” laat skyn hoe helderder sal dit wees. Die gelowiges is die *lig vir die wêreld*. Daar skyn geestelik geen lig in die wêreld as net die lig wat uitstraal uit die lewe van God se kinders nie. In die kerk en in die wêreld word dit al hoe *donkerder* hoe meer gelowiges hulle “liggies” neersit en hulle lampies tuis laat bly. Wat is jou aandeel?

Ds. Nico van der Merwe.



PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: JOU LAASTE SKUIF

Lees: 1 Korintiërs 13:1-13

Teks: 1 Korintiërs 13:4-7

Mense onthou jou baie dikwels op grond van jou laaste skuif, jou laaste optrede, jou laaste blaps of jou laaste prestasie. Dit hoort nie so nie; ons is nie die eindproduk van ons laaste fout nie. Die Here se liefde maak dat ons altyd oor en voor begin met mekaar. Ons moet altyd die beste van mekaar glo en verwag soos wat **1 Korintiërs 13** ons leer. Al is ons wie, al het ons watter gawe ook al, as ons ons gawes nie in liefde beoefen nie, dan is ons niks beter as 'n stuk metaal wat lawaai as jy daarop slaan nie. Ons moet die liefde nastreef, of dit nou is in die beoefening van jou gawes, of in onderlinge meelewing met ander lidmate, eintlik, wanneer jy as kerklidmaat besig is met die kerk, met ander gelowiges, dan is jy besig met jou gawes, en moet jy besig wees met die liefde.



Aanddiens Tema: DIE SAGTE KANT VAN DIE DOGMA

Lees: Matteus 16:13-19; Hebreërs 1:1-4; HK Sondag 13

Teks: Matteus 16:16

Tema: Die sagte kant van dogma.

Waar kry ons 'n mooier bewys in die Bybel dat Christus God se eniggebore Seun is, as juis Matt.16:16, die skoonste belydenis uit die mond van Petrus?, naamlik, **“U is die Christus, die Seun van die lewende God”**. Ons het hier met 'n baie belangrike leerstuk van die kerk te doen waaroor daar in die loop van die kerkgeskiedenis al dikwels gestruikel is deur teoloë en kerkvergaderings. Hierdie Sondagsafdeling beweeg verby harde dogmatiese feite en bring die troos dat die enige gebore Seun van God ons Here is. Hy is nie 'n God, 'n Middelaar van daar ver nie. Hy is ons Here. Hy is My Here. Hy is by my. Hy omring my elke dag met sy genadige nabyheid.



✘ Een aand-erediens per maand sal toegespits word op die jeug. Die dieselfde liturgie vir 'n gewone aanddiens word gevolg, maar die Woordbediening word toegespits op sake wat vir jongmense van belang is en op die vlak van hoërskoolkinders sal wees.

✘ Van die ouderlinge word verwag dat hulle voorbereiding sal doen t.o.v. die lesmateriaal van die betrokke klasgeleentheid alvorens hulle katekisasietoets gaan doen. Dit sal hulle in staat stel om 'n beter beoordeling van die klassie, die kategeet en die aanbieding van materiaal te kan doen.

✘ Katkisasierapporte sal voortaan drie keer per jaar opgestel (Mei, Aug. en Nov.) en aan die kinders self uitgedeel word. Alle probleemgevalle word aan die begin van kwartaal 2, 3 en 4 (voor die aanvang van die huisbesoekronde deur ouderlinge), aan die ouderlinge deurgegee.

✘ Die belydeniskatkisante sal tydens belydenisaflegging elk 'n boekie as geskenk van die kerkraad ontvang waarvan die kostes deur die kerkraad gedra word. Die boekie van dr Neels Smit ('n Lewe voor die Koning – R67/eksemplaar = R201 totaal) word aanbeveel, beskikbaar by die Admin Buro.

DOULOSPROGRAM

Die Doulos-rekenaarprogram is vir die gemeente verkry en sr. Rina Oosthuizen het die gemeentelike gegewens reeds op die program ingevoer. Wykslyste sal van nou af op die Doulosprogram beskikbaar wees. Die ouderlinge sal met die eersvolgende huisbesoek alle inligting met die lidmate kontroleer sodat die program tot sy volle potensiaal gebruik kan word. Oudl. Hennie Oosthuizen sal voortaan die attestasiekriba van die gemeente wees. Oudl. Pieter Aucamp word bedank vir die werk wat hy tot nou toe as attestasiekriba gedoen het.

KATKISASIE DEUR DIE PREDIKANT

Die Kerkraad het besluit dat die predikant eenkeer per kwartaal 'n katekisasietiese sal aanbied vir al die kinders gesamentlik. Die oogmerk sal wees om aan die hoërskoolkinders en laerskoolkinders tydens afsonderlike Sondae so 'n katekisasietiese aan te bied. Dit beteken dat die klasse een keer per kwartaal vir een Sondag gaan “agter raak” met die lesbeplanning, maar die kerkraad is oortuig dat die werk wat op so 'n Sondag oorgeslaan word, maklik by 'n ander geleentheid ingewerk kan word. Ten opsigte van volgende jaar se beplanning, sal hierdie geleentheid klaar in die jaarprogram ingewerk word. Die doel van so 'n ‘katekisasietiese geleentheid’ is om die predikant die geleentheid te bied om op 'n persoonlike vlak met al die kinders in die gemeente te skakel, en om ook bykomende onderbou te bied ten opsigte van die kinders se verbondsonderrig, synde die predikant primêr geroep is as kategeet. Die datum van so 'n eerste katekisasietiese geleentheid sal binnekort deurgegee word.

SUSTENTASIE – GK KHUMA

Oudl. Peet Buys het aan die kerkraad gemeld dat die **Gereformeerde Kerk Khuma** in 1958 gestig is en hulle kerkgebou in 1961 in gebruik geneem het. Die gemeente wil graag die afgelope 50 jaar op 8 Oktober 2011 herdenk en vra finansiële ondersteuning. Sodra meer inligting hieroor in beskikbaar is sal die kerkraad daarvoor besluit.

BYBELVERSPREIDING

Met die huisbesoek DV in Augustusmaand sal die ouderlinge koevertjies uitdeel vir bydraes van die lidmate vir Bybelverspreiding. Die riglyn is R25 per belydende lidmaat.

E – NUUSBRIEF

Die kerkraad het met groot dank kennis geneem dat dr. Sarel van der Walt die inisiatief geneem het om weekliks, gedurende die skoolkwartale, 'n elektroniese nuusbrieff aan gemeentelede (waarvan hy die e-posadres het) te versprei.

JEUGKOMMISSIE

Die Jeugkommissie het oor verskillende sake aan die kerkraad gerapporteer:

- ✘ Met die oog op die jeugbediening in die gemeente word die jeug in drie groepe verdeel en bestuur: Laerskool-, hoërskool- en naskooljeug.
- ✘ Aksies wat geloods word vir skoolgaande jeug sal beide die laerskool- en hoërskooljeug betrek, maar sal op verskillende vlakke aangebied word vir die twee groepe.
- ✘ Die Jeugkommissie het gesprekke gevoer met beide die hoërskool- en naskooljeug om 'n behoeftebepaling te maak ten opsigte van die wyses waarop jeugaksies vir die betrokke groep ingerig kan word. Die opkoms vir 'n gesprek met die naskooljeug was nie voldoende om 'n sinvolle beeld te kon skep nie en elke kind sal persoonlik geskakel word om uitgenooi te word na 'n informele geselligheid. Die hoërskooljeug het by wyse van 'n vraelys hulle voorkeure gelug. Hierdie vraelyste moet nog verwerk word en die Jeugkommissie sal in die lig van die resultate op 'n later datum verdere aanbevelings aan die kerkraad maak.
- ✘ 'n Informele geselligheid word beplan vir die naskooljeug DV op Saterdag 27 Augustus 2011 onder die afdakke in die vorm van 'n bring-en-braai vanaf 15:00.
- ✘ Die jongmense van Klerksdorp gemeente sal uitgenooi word na die maandelikse jeugdienste en dat die jeug na elke jeugdiens in die saal (winter) of in die vierkant (somer) saamkuier met tee/koffie/koeldrank na afloop daarvan.

LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- **Sr. Lidie Botha** is die afgelope paar dae in Wilmed behandel nadat sy verlede Saterdag weer opgeneem is vanweë erge pyn in die heup wat onlangs geopereer is.
- **Sr. Emma Coetzer** (Santie van der Westhuizen se ma) is tans nog in Wilmed. Baie sterkte toegebied vir haar!
- **Br. Paul Vorster** word steeds in Wilmed se intensiewe sorg-eenheid behandel. Ons is dankbaar vir die beterskap wat reeds daar is, en glo dat die verdere behandeling geseënd sal wees. Ons bid hom en sr. Mienie sterkte toe en hoop dat hy spoedig sal herstel.
- **Sr. Annatjie Venter** se suster is verlede Sondagoggend skielik oorlede. Ons dink aan sr. Annatjie en die familie en bid julle vertroosting toe in hierdie hartseer tyd. Mag die Here julle versterk en dra in sy troue sorg.
- 'n Skoonsuster van **br. Hannes Pelsner** is Sondagmiddag oorlede aan 'n hartaanval. Ons bid vir Hannes, hulle gesin en die familie, mag God julle deur hierdie dra en julle vertroosting skenk.
- **Hanco Olivier** (seun van Japie en Gerda) toon mooi verbetering na sy rugbybesering waarin 'n rugwerwel gebreek het. Hy gaan die komende week weer 'n ortopedis spreek, en ons bid dat die behandeling wat verder volg geseënd sal wees.



- ★ Waar die Sondag altyd skyn, is dit woestyn (Langenhoven).
- ★ Jy kan nie sê die beskawing gaan nie vooruit nie, want in elke oorlog maak hulle jou op 'n nuwe manier dood (Will Rogers).
- ★ As jy met jouself verveeld is, trou en wees verveeld met iemand anders.
- ★ Mense argumenteer oor Godsdienste. Skryf daarvoor, veg daarvoor. Sterf daarvoor. Enigiets behalwe om daarvolgens te leef.

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
31 Julie	Barmhartigheid	Jeug in London
7 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
14 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
21 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiëfonds GKSA



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 31 Julie tot Saterdag 6 Augustus 2011

Sondag 31 Julie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 31 Julie	Katkiësië – Les 16	10:30
Sondag 31 Julie	Erediens	18:00-19:00
Woensdag 3 Augustus	Sustersvergadering	18:00



TEESKINKBEURTE

Sondag 31 Julie	Wyke 24 & 25
Sondag 7 Augustus 2011	Wyke 26 & 27
Sondag 14 Augustus 2011	Wyke 28 & 01
Sondag 21 Augustus 2011	Wyke 02 & 03



Verjaarsdae

1 Aug	Danie van der Walt	Wyk 26	018-468-1385
2 Aug	Hendrik Scheepers	Wyk 24	018-484-3965
2 Aug	Oom Pottie Potgieter	Wyk 23	018-468-1628
2 Aug	Johan Moëke	Wyk 23	018-468-3671
3 Aug	Rina Oosthuizen	Wyk 10	072-623-8669
3 Aug	Christine Lindeque	Wyk 19	072-355-6063
4 Aug	Julie van Zyl	Wyk 22	018-468-2947
5 Aug	Chris Buys	Wyk 11	083-439-8892

Van harte geluk met u verjaardag. Mag die nuwe lewensjaar vir u vreugde, sukses en seën inhou.

PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk

Skakel Corrie Botha 083 429 4824



BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Bothaville.

BEROEPE AANVAAR

- Ds. ML Mulaudzi van Roodepoort na Dobsonville.



KERKLIKE BYDRAES INBETALING

Oudl. Piet Kruger (kassier) het aan die Kerkraad gerapporteer in verband met die inbetaling van kerklike bydraes die afgelope 3 maande:

ITEM	MEI	JUN	JUL
Bydraes gewoon	R41 371	R27861	R29 541
Bydraes elektronies	R33 880	R59 065	R34 880
Ander	R14 826	R2 493	R3 552
Totaal	R90 077	R89 419	R67 973
Koeverte uitstaande	30	32	33

Die totale inkomste vir Januarie tot Julie beloop R472 257 – gemiddeld R67 608 per maand teenoor R65 166 gebroot.



PADKAFEE - AAND KERRIE & RYS

Vrydag 12 Augustus 2011 DV

Beskikbaar by die kerksaal
van 16:00 – 18:00

Aandete vir die hele gesin
Klein = R10
Groot = R15

Bestelvorms vanaf Sondag 31 Julie
2011 beskikbaar by die deure

